

# Die lewe in HOOFLETTERS

Elke ma sal jou kan sê kinders laat die horlosie stop.  
Die sangeres en aktrise Sorina Erasmus vertel hoe  
haar kroos haar roeping kom sement het.

deur DAWID BRAND foto's HANNERI DE WET

**D**aar's niks soos die maatslag van winter nie, veral as jy in die bos of op 'n plaas is. Dis die geluid van laas nag se yslagie wat die gras onder jou sole laat knars. Die wasem wat soos 'n stoom-trein van ouds uit pas gemelkte beeste se neuse borrel. Die wind wat die woorde van 'n nuwe seisoen deur gestroopte takke fluister.

Met die horlosie se korthand op tien is die Irene-melkplaas op die soom van die Jakarandastad reeds 'n woeligheid. Oral is ma's met stootwaentjies, vriendinne by tafeltjies, kleuters wat op 'n ou roesbruin trekker klouter.

Sorina kom soos die Augustus-wind ingewarrel en bestel tee. Twee lepels Sorina met 'n ruimhartige skeutjie Flooze.

Pa Braam het die tweejarige Braambossie (oftewel Abraham Carel Riekert die vierde) by die kleuterskool gaan aflaai en die jongste toevoeging tot die bedrywige Riekert-huishouding, die vier maande oue Miana, is tuis onder die wakende oog van Miriam, Sorina se regterhand van die afgelope vier jaar.

## Loopbaanroeping

'n Dekade se sand het deur die uurglas geloop sedert die Flooze haar buiging op *7de Laan* gemaak het "met 'n *one-liner* en vuishou vir Paula". Ofskoon die Flooze die vuurhoutjie was wat Sorina se loopbaankruitvat laat vlam vat het, glo sy dit was alles deel van God se plan dat haar lewe eers sewe-sakkesout-sirkels moes loop.

Sy't regte by Tukkies gaan studeer, maar haar hart het altyd

drama toe gestaan. Nadat sy haar LL.B.-graad behaal het, het sy drama by die destydse Pretoria-technikon gaan studeer én deelyds 'n meestersgraad in kinderreg verwerf.

Hierna het drie maer jare gevolg. "Daar was baie toe deure. Amper nét toe deure. Slegs enkelverskynings as enigiets van 'n *call-girl*, tot iemand in die tronk of 'n straatmeisie. *Scandal*, *Generations*, *Song vir Kartyn*, *Hart van staal*."

Toe, oornag in 2006, word die Flooze bykans volksbesit. Om die Flooze se dekade in die bedryf te vier word 'n nuwe album, *Hotter as botter*, later vanjaar uitgereik. "Dit sal my vyfde album wees. Die eerste, *Engel met 'n angel*, is in 2007 uitgereik, gevolg deur *Hoezit my Tjomma!*, *Ek watch jou* en *Hoofletters*." Is daar enige planne vir die Flooze om weer in die *Laan* uit te slaan? "Man, sy's mos soos 'n slegte sooi-brand: Jy weet nooit wanneer en waar sy gaan oppop nie," lag sy.

Sorina vertel hoe haar ouma gebid het dat sy 'n rol in *7de Laan* moes kry. "My ouma weet nie wie Charlize Theron is nie, maar van Hilda kan jy haar niks vertel nie. As 'n akteur klim jy in 'n karakter se skoene in. En later kan jy weer uitklim. As sanger is jy egter gestroop tot jou essensie. Ek het nou die dag afgekomp op 'n skets wat ek in graad 1 gemaak het. Ons moes onself teken en skryf wat ons eendag wou word. Ek het myself op 'n podium agter 'n mikrofoon geteken en geskryf ek wil grootword, trou en kinders kry. Min het ek geweet hoe profeties dié skets was.

"Vandag doen ek presies dít. God het vir my die gesin én die platform gegee om mense te bereik en aan te raak."

Hoewel baie mense steeds die Flooze versoek by haar ►



PRODUKSIE: Marselé Prinsloo; STYLING: Juané Scheepers; HARE EN GRIMMERING: Ilana Zietsman; KLEURE VAN Big Blue ☎ 011 880 3994, MRP ☎ 011 784 8465 en Earthchild ☎ 011 684 1552; FOTO'S GENEEM BY Irene-landgoed www.irenefarm.co.za

◀ vertonings, wil die publiek ook ál meer weet van Sorina die vrou en ma, vertel sy. En dis hier waar haar loopbaanroeping begin vorm kry het.

“Mense wil lag, maar hulle soek ook die lewensverhaal. Ek glo ek is geroep om mense waardig te laat voel. Daar is soveel seer in die wêreld en ek deel daarom ook my eie tye van stryd en sukkel. As kunstenaar het ’n mens die verantwoordelikheid om respek vir almal te hê.

“Klasse is ’n werklikheid. Jy kan nie saam met konings sit as jy nie saam met bedelaars kan eet nie – was dit nie wat Jesus se voorbeeld aan ons was nie? Vir die een mens is tuindwergies kómmen, vir ander is dit kuns.” Sorina én Flooze.

“Ek wil hê elkeen wat my pad kruis, ongeag hul agtergrond, moet voel hulle is waardig. Ek wil ondanks my eie voete van klei deur liefde die beste wees wat ek vir God se koninkryk kan wees.

“Ek glo ’n mens leer baie meer uit mislukkings as welslae. Die grootste baanbrekers bereik dikwels die hoogste bergpieke vanuit die diepste groewe. As ’n mens nog altyd alles gehad het, weet ’n mens nie hoe dit voel om niks te hê nie. Dan ontbreek dankbaarheid. Ek wil vir my kinders hoop gee. ’n Mens kan alles verloor, maar ’n mens moet nooit hoop verloor nie.”

## Liefdesroeping

Ons gesels oor hoe sy en Braam, ’n sakeman en haar bestuurder, mekaar op ’n toe-oë-afspraak by ’n Nataniël-vertoning ontmoet het. “Ek was platsak toe ons mekaar leer ken het. Ek het nie eens geld gehad vir ’n goedkoop bottel vonkelwyn nie! Toe skryf ek vir hom ’n liedjie vir sy verjaardag, *Funky boere-seun*, en neem dit met die hulp van wyle Christa Steyn op wat ek ontmoet het toe ek in 2004 aan Crescendo deelgeneem het.

“Braam kon nie glo wat hy hoor nie en het daar en dan besluit om my eerste onafhanklike CD te finansier. Só het *Engel met ’n engel* die lig gesien.” Die egpaar is al agt jaar getroud en volgens Sorina inmekaar gerank. “Ek kan my nie ’n lewe sonder Braam voorstel nie. Hy vul my aan. Hy is my klankbord en grootste kritikus. Hy is my asem en my aardse fondament.

“Van fundamente gepraat: Ons bou tans aan by ons huis en moes ’n deel van die fondament vergroot. Ek het nooit besef dit is so ’n groot en tydsame werk nie. Ek kon prakties sien waarom ’n huis nie sonder ’n stewige fondament kan staande bly nie. Daarom is God die middelpunt van ons huis.

“Iemand het vir ons ’n bottel badolie as trougeskenk gegee met ’n kaartjie: Bid saam en bad saam. Al is dit soms chaos en is ons soms al vier in een bad, hou ons vas hieraan. Kom wind, kom weer, kom oseaan. Dit is ’n rots waarop ons huisie staan.”

Die koms van hul twee kleingoed was allermins ’n punt agter hul lewensin. Vir haar en Braam is die lewe nou éérs in

*Hoofletters*, net soos die titelsnit van Sorina se jongste, gelyknamige album. Sinne kompleet met koppeltekens, aandagstrepe en uitroepetekens. “Ek het my lewensroeping gevind. Dis asof niks anders meer saak maak of belangrik is nie. Net die wete dat God my waardig geag het om twee kinders aan my toe te vertrou. Dit is asof tyd stilstaan.”

## Lewensroeping

“Eintlik is ek ’n kaalvoet Bosveld-plaasmeisie. Ons het op ’n mangoplaas naby Naboomspruit (nou Mookgophong) grootgeword.” Sy en haar rolmodelboetie, Janus (hy is ’n jaar ouer as sy), is nog baie na aan mekaar. Vandag woon haar ma, Mariana (’n Afrikaansonderwyser), en pa, Nicky, wat in die boubedryf werk, ’n klipgooi van Sorina-hulle af in Pretoria en is ouma en oupa alte gretig om na hul kleinkinders te kyk.

“Miana is genoem na my ma, Mariana Elizabeth. Dit beteken “God is genadig”. Sy is ons prinses. Braambossie is weer ons krulkoppe wat die lewe voluit pluk. Hy is vir ons sinoniem met die son. As die son sy kop uitsteek, is hy op, gereed vir aksie. Besig, beproef alles. Hy’s ons woelige, wilde *warrior*.

“Ek is op ’n plek waar ek vir die eerste keer verstaan wat God se perfeksie werklik beteken. As ek daai klein kinderlyfies vashou, besef ’n mens dat Hy alles volmaak skep. Dat alles te midde van ons gebrokenheid volgens Sy tyd verloop. Wat onvoorwaardelike liefde beteken, want die liefde wat ek vir my mense het, is maar ’n druppel aan God se liefdesemmer.

“Ek het geleer dis in die haak as ek nie vandag by alles uitkom nie. Die *admin* kan môre ook gedoen word. Braam sê om kinders te hê is soos om gholf te speel. Jy kan hoe hard oefen, maar dis vandag, op die baan, waar dinge na een van twee kante toe kan gaan... óf jy speel die perfekte hou óf jy beland in die sukkelveld. Dan probeer jy maar môre harder.

“Om kinders te hê is ’n geweldige verantwoordelikheid. Jy is nie die *next best thing* nie. Jy is hulle Plan A. Hulle is heeltemal op jou aangewese en afhanklik van jou. Ek wil hulle leer dit maak nie saak of jy nou die sportster of die pawiljoensitter met die Bovril-broodjie is nie, jy is die beste, want vir Hom is jy die beste. Moet nooit probeer om iemand anders te wees nie. Wees voluit jy.

“My alles – my instink, my kalender, my horlosie – is op hulle ingestel. Hulle gaan weet as ek hulle nie vandag vasgehou en opgetel het nie. Ek probeer altyd onthou waar ek begin het. Dat niks ’n reg is nie. Dat ek niks verdien nie.”

Daarom bly die boekmerk in haar Bybel by Jeremia 29:11 en Koos du Plessis se *Gebed* op herhaal in haar CD-speler: “Wat ons is, is net genade. Wat ons het, is net geleen.”

So loop haar wysers in pas met God se maatslag. Soos ’n boshorlosie. Soos dit hoort. ■



# In eb en vloed

Om 'n kunstenaar te wees is allermens kalm vaarwater, maar die sanger Elvis Blue (36) voel geroep om ondanks genadelose getye vir ander 'n boei van hoop te bied.

deur DAWID BRAND foto's SHELDON EVANS

**E**k kan nie glo ses jaar se water het in die see geloop sedert ek en Elvis Blue, oftewel Jan Hoogendyk, hoog op 'n koppie in Northcliff in die *Idols*-huis oor sy sing-in-die-Spur-jare en toekomsdrome gesels het nie.

Ons ontmoet vroegoggend by 'n koffiewinkel 'n klipgooi weg van die Hoërskool Linden waar hy gematrikuleer het. Ek bestel 'n cappuccino, hy 'n latte. En ek wonder: Het al die roem hom enigsins verander?

Een van die kelners kom sê hallo. "Sy dra altyd die mooiste

rooi lipstiffie," sê hy. En dan staan 'n paartjie skaam nader en vra of hulle 'n foto saam met hom kan neem.

"Soms dra ek 'n hoed en dan dink mense ek probeer myself vermom," lag hy. "Eintlik het ek dan net 'n slegte hare-dag. Ek het so lank gedroom dat iemand net na my musiek moet luister. Daarom is dit elke keer oorweldigend as iemand my voorkeer vir 'n geselsie of foto. Dit sal nooit 'n las wees nie. Hoe kan dit? Dit laat my werklik soos 'n *rock star* voel."

Ons gesels oor sy musikale maer jare voor *Idols*, sy albums *Diep riviere* (2006) en *Ontskemer* (2009) wat hy nog onder die



naam Jan Hoogendyk die lig laat sien het. Vir *Diep riviere* het hy in 2007 'n ATKV-Liertoekenning ontvang en *Ontskemer* is in 2010 vir 'n Sama benoem.

"Omtrent niemand het dié albums gekoop nie. Voor *Idols* was daar baie tye waar ek niks gehad het nie en waarin ek so alleen gevoel het. Tog het ek nooit ophou hoop nie. Ek het altyd gebid: Mag ek dit net maak na die ander kant toe. Ek het vrek hard gewerk, maar sonder sukses. Gesmag na 'n plek waar ek my musiek met ander kon deel."

## Sluise van genade

Met die *Idols*-kroon was dit asof die sluise van genade uiteindelik vir hom oopgegaan het. Hy het 'n Sama ontvang vir al vier sy albums wat sedertdien uitgereik is – *Elvis Blue* (2010), *Journey* (2012), *Afrikaans* (2013) en *Êrens in die middel van nêrens* (2015). En dan is daar 'n bekroonde DVD saam met Laurika Rauch, *Hart en see*, nege Ghoema-toekennings, 'n rits Bok Radio- en *Huisgenoot* Tempo-toekennings en die liedjie *Die Hemel* wat meer as 280 000 keer as luitoon vir selfone afgelaai is.

Dis 'n ongekende reis van bedel vir geld om sy musiek op te neem en eensame *busk*-sessies op straathoeke in Londen en Skotland, tot platinum-albumverkope en meer as 130 vertonings per jaar.

"Elke fase van 'n mens se lewe bring nuwe uitdagings. Ek het so lank gesmag na 'n loopbaan en was altyd by die huis. Nou

het ek 'n ongelooflike loopbaan, maar is weer baie min by die huis (die gesin woon op George). Die gevaar is dat 'n mens altyd na meer kan smag. Soos 'n hond wat 'n minibustaxi jaag: As hy hom gevang het, wat doen hy daarmee? En dan wil hy volgende keer 'n bus jaag en vang."

Volgens hom arriveer 'n mens nooit nie, maar bly dit 'n reis waartydens jy jou voete plat op die aarde móét hou.

"Daar is nie *quick fixes* vir enigiets in die lewe nie. Baie dinge kan om jou verander, maar vanaand as jy in die bed lê, is dit net jy en die Here. 'n Mens se omstandighede is aan die buitekant – dit is die grond waarin jy groei. Dit kan jou beïnvloed, maar hoef jou nie te definieer nie, tensy jy toelaat dat dit jou meesleur. As almal sê jy is wonderlik, kan jy dit begin glo. Daar is baie mense in my bedryf wat vir jou sê wie jy is. As jy nie weet wie jy is nie, kan jy hulle begin glo.

"'n Mens moet egter elke dag die lae opnuut afstroop om by die plek uit te kom wat God vir ons gedroom het vóór die grondlegging van die aarde. Ja, soms is dit seer, ongemaklik en selfs vernederend, maar dit is onontbeerlik om by 'n plek van waarheid te bly."

## Voete op die Rots

Daarom is 'n persoonlike verhouding met God vir hom so belangrik. "Dit sal nooit 'n goedkoop iets wees wat nodig is om aan die groot klok te hang nie. Dit is vir my só kosbaar dat ►

◀ ek wys daarmee probeer omgaan. Woorde is net soms nodig. Ek hoop my binnekamergesprek met Hom kan egter in die buitekamer gesien word.”

Dit is een van die waardevolste lesse wat sy ma, Mila Venter, hom geleer het, sê hy. “In ’n tyd toe ek hoop wou verloor oor die toekoms, het haar lewe vir my twee dinge gewys sonder dat sy ’n woord hoef te gesê het: Enersyds dat daar iets ernstigs fout met my lewe was, en andersyds dat daar iets ongelooflik moois en spesiaals in haar lewe was.”

Sy vrou, Chireze, verseker ook dat sy voete op die Rots bly. “Sy is waarlik my stem van rede. Ek is nogal geneig om onseker te wees en te wonder of dit wat ek doen oukei is. Sy gee my perspektief. Sy gee raad en motiveer. En sy is baie eerlik.

“Chireze is in staat om verder weg te staan. Ek spring pens en pootjies in iets. Dit is soos om in ’n motor te sit. Ek weet nie noodwendig eens wat die kleur van die motor is nie. Sy kan aan die buitekant staan en sê: ‘Dit is skoon genoeg.’ Sy het waarlik ’n greep op alles en is ’n ongelooflike ma en vrou.”

Volgens Jan het hy van kleins af gevoel hy is geroep om musiek te maak. “Musiek het die vermoë om diep tot mense te spreek en hul emosies aan te raak. Dit is meer as ’n konneksie met die self, dis ’n amper heilige ontmoeting met God.

“Sodra ’n mens met jouself worstel, begin ’n vanselfsprekende soeke na God. Dit is dié soektog wat ek glo deur musiek ontsluit word – of jy dit nou skryf, uitvoer of in die motor daarna luister.”

Daarom probeer hy musiek skep wat mense laat vóél. “Ek vertel stories van hoop, hartseer, uithou, vreugde, deursoettingsvermoë. Ek voel ek doen werklik wat met my DNS verweef is. Niks laat my meer lewend voel nie. God gee die talent én die musiek. Dit kan dalk ’n wonderlike liedjie wees, maar Hy het my toegerus met alles wat ek nodig het om die liedjie te skryf.”

Hy meen die liedjieskryfproses is soos om in ’n donker kamer in te gaan. “Erens in dié donker vertrek is die mooiste paar skoene versteek. Jy strompel rond en soek. ’n Mens het net ’n basiese stel vaardighede, maar die oomblik as jy die skoene vind (wat God daar versteek het), gebeur iets wonderliks.

“Daarom kan ek nooit werklik roem aanvaar vir enige ‘trefker’ nie. Dit mag nooit oor my handel nie. Ofskoon ek my beste gee, het ek nie self die paar skoene daar gesit nie.”

Ja, bieg Jan, soms is daar moeilike vertonings. Soms vóél ’n mens dit nie, en dan is jy teleurgesteld. “Dit is vir my so belangrik dat daar ’n konneksie tussen my en die gehoor is. Ek het net so ’n groot verwagting oor elke vertoning as die persoon wat die kaartjie gekoop het. Ons deel ’n oomblik, iets gebeur in die Lig, los van tyd en mens. Ek glo dit is hoe die hemel lyk.”

Sy jongste album, *Optics*, is in Junie uitgereik. “Dis ’n Engelse album en ek het dit oor ’n tydperk van ’n jaar saam met goeie

vriende in New York geskryf. Die titel verwys na die manier hoe ons na dinge om ons kyk. Die goue draad wat deur die lirieke loop, is die wisselwerking tussen lig en donker.

“Die een liedjie wat nogal die wese van dié album saamvat en die eerste enkelsnit wat ek bekendgestel het, is *The tide*. Ons voel almal dikwels of ons alleen stap, dat dinge moeilik is en die gety ons wil intrek. Ek glo egter ons is nooit alleen nie.”

Volgens Jan het hy dié liedjie geskryf vir iemand naby aan hom wat met alkoholisme worstel. “Ons almal het iets wat ons graag wil oorkom, of dit alkoholisme is of om gewig te verloor.

“Om ’n Christen te wees beteken nie ons gaan altyd blymoedig of welvarend wees nie. Soms is dit goed om op ’n plek te wees waar alles nie wonderlik gaan nie. Dit bring ons terug na ’n plek van afhanklikheid, waar ons geloof en krag op die proef gestel word. Pleks van sê ‘Ek moet hier uit’, moet ons eerder sê ‘Ek is bereid om die gety se golwe teen my lyf te trotseer, want ek het hoop vir dit wat anderkant die deininge wag.’”

## Opstaan ná elke val

Ons gesels oor sy kinders en hoe dit ’n mens se uitkyk verander. “Jua (3) en Lila (6) het my lewe heeltemal verander en my ’n ander perspektief gegee oor hoe God na my kyk. Die oomblik as jou kind vanself jou hand vashou en die onpeilbare liefde wat ’n mens in jou hart voel.

## ‘Hy is in elkeen se lewe besig. Ons het die keuse of ons Hom in alles wil raaksien’

“Ons het onlangs vir Lila ’n fiets gekoop en ek het haar gehelp ry. Sy’t geval, opgestaan, weer probeer en uiteindelik geslaag. Ek was só trots as pa. Dan besef ’n mens dit is presies hoe God oor ons voel. Hy wil ook net die beste vir ons hê. Soms is daar sinnelose geraas, maar die liefde is altyd daar. Daar is val, maar daar is ook opstaan. Ons lewe in ’n wêreld vol mooi én aardigheid. Eindelik is dit net jy en die Here. Hy is in elkeen se lewe besig. Ons het die keuse of ons Hom in alles wil raaksien.”

Ons groet ná ’n vinnige ontbyt. Vanaand is dit ’n optrede by die Innibos-kunsteffes waar 30 000 aanhangers wag. En later vanjaar sy vertoning *Kaal* by die Atterbury-teater in Pretoria wat handel oor gestrooptheid en waaraan sy goeie vriend en mentor Koos van der Merwe help beslag gee het.

En ek weet roem het hom nie verander nie. Hy is steeds Jan – ’n gewone man met ’n buitengewone roeping. ■



# Om ander te (be)dien

Van 'n kliphuis tot 'n skuur van sink en hout. Só leef die uitgebreide Schoon-familie van Kempton Park hul roeping uit om mense na liggaam en siel te versorg.

deur DAWID BRAND foto's MARSEL ROOTHMAN

**M**oenie dat die ligging tussen kleinhoewes, meenthuiskomplekse en fabriekse jou in jou GPS laat twyfel nie. Aan die einde van die stofpad lê 'n ouwêreldse juweel en 'n geloofsverhaal van 'n sandkorrel wat in 'n pêrel getransformeer is.

Die kliphuis wat soos 'n sprokieskasteel uittoon, vang eerste my oog toe ek met die laning afry. Net regs van 'n ruig laventelsirkel, in die skadu van perskebome pienk in die blom, staan *Nice To Meat You*. Die sinkstruktuur is nóg saal nóg skuur. Dis 'n prentjie van Pelgrimsrus in sy glorie toe goudkoors delwers gelok het met die hoop op faam en fortuin.

Ek is eintlik hier om 'n venue vir my vrou se 40ste verjaardag te bespreek, maar my planne moet gou plek maak vir 'n les oor hoe die Liggaam van Christus behoort te funksioneer.


## Kliphuis tot halfweghuis

“Kom in, ek maak koffie,” groet Roux Painter (28). Vroulief Katryn (31) sluit by ons aan by een van die houttafeltjies in die staalsaal. In die een hoek staan 'n rak met breekware, in die ander hoek 'n ou bus wat in 'n kroeg omgeskep is. Daar's houtvloere, houtraamvensters en ou foto's van vervloë delwersdae.

Ek skuif my verjaarsdagversoeklys eenkant en trek my notaboek en die koppie stomende koffie met 'n houtteelepel en houtpiering nader. “Hoe op aarde...” probeer ek windwoorde vir my seile vind.

Katryn roep haar ma, Jenny Schoon (62), want dis haar visie wat die gebou staangemaak en die familie saamgesnoer het. Katryn se susters is albei in die kosbedryf: Dany Krynauw besit Down to Earth Farm Feasts en Dominique Krog is die eienaar van Jane Dough's Kitchen. ▶

PRODUKSIE Marsel Prinsloo; GRIMERING Dené Booysens; FOTO'S GENEEM BY Nice to meat you ☎ 071 883 0147; www.nicetomeatyou.co.za; e-pos info@nicetomeatyou.co.za





◀ Jenny vertel as kind het sy nie 'n verhouding met haar ma gehad nie en sy het 'n brandende behoefte aan die waarheid gehad. "Ek het nagelees oor Boeddhisme en ander gelowe, maar was nooit vervul nie. Ek is met Smiley getroud en op 'n dag het my suster vir my 'n teksvers gelees wat my soos 'n weerligstraal getref het. Ek kan nie die vers onthou nie, maar God het Hom op dié dag onmiskenbaar in my binneste kom tuismaak."

Jenny was jare lank 'n binneversierder en later eiendomsagent. "Ek het geweet ek is geroep om ruimtes te skep waarin die Heilige Gees vryelik kan beweeg en werk."

Pa Smiley Schoon (69), wat reeds 39 somers met Jenny getroud is, kom maak vinnig kennis – eintlik om sy vrou aan te por, want die motor staan al en luier vir hul naweekwegbreek na Piet Retief.

Smiley is 'n afgetrede eiendomsprokureur wat al verskeie groot ontwikkelings soos veiligheidskomplekse en gholfland-goedere soos Eagle Canyon en Serengeti hanteer het. Hy werk steeds aan verskeie nuwe ontwikkelings.

"Jenny is die een wat die groot besluite neem," sê hy glimlaggend om sy naam gestand te doen.

"Hy is 'n ongelooflike pa," voeg Jenny gou by. "Hy het geluister na elkeen van ons kinders se visie, wysheid en leiding gebied én hul planne gefinansier sodat elkeen 'n platform kon hê om hul passies uit te leef."

Dat dié egpaar harde geloofsklippe gekou het, is nie altemit nie. Smiley was vasgevang in 'n wêreld van dobbel en drank, maar terwyl Jenny 12 jaar lank die kinders grootgemaak het, het sy vir haar man bly bid. Totdat die Here sy lewe in 1988 heeltemal kom verander het.

Skielik het die kliphuis waarin hulle nou reeds 20 jaar woon en waarvoor Jenny elke klip self laat sny het, 'n toevlug geword vir haweloses, gebroekenes, alkoholiste.

"God het hulle net gestuur. Ons het nooit gevoel ons privaatheid word binnegedring nie. Die mense het net gekom – sommige vir 'n paar weke, ander het maande hier gebly en op wonderbaarlike wyse geneesing gevind," sê Jenny.

Die plan is om dit in 'n gastehuis met tien kamers te omskep. Jenny en Smiley groet en Roux maak vir ons nog koffie.

### Klein begin, groot gewin

"Dit het alles begin toe my broer, Fritz Schoon, 'n bakkery in Kerkstraat op Stellenbosch oopgemaak het. Hy het by Markus Färbinger, 'n vyfdegeslagbakker van Oostenryk, by Île de pain in Knysna geleer hoe om *artisan*-brood te bak," vertel Katryn.

Later het Fritz se sjevrou, Chanelle, roomys begin maak en verkoop. Só het Schoon de Companje beslag gekry. Wyn, bier en vars produkte was te koop en toe die voorste winkel beskikbaar raak, het Katryn (sy het 'n meestersgraad in veekunde) 'n slaghuis oopgemaak en later braaiaande gehou.

Roux en Katryn het mekaar by die Hoërskool Jeugland in Kempton Park ontmoet en was net goeie vriende. "Ons het saam skoolkoor gesing."

Ons is so afhanklik van Hom vir leiding en visie. Daar is 'n geweldige salwing op hierdie plek

Roux het ná sy matriekjaar kinematografie by die Afdarolprentskool gaan studeer. Katryn, 'n paar jaar ouer as hy, het haar B.Sc.- en M.Sc.-graad aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf en tussendeur 'n jaar in Engeland allerlei werkies verrig asook ses maande in Italië as deel van haar meestersstudies die produksie van volstruisvleis bestudeer. Die twee se paadjies het vir 'n kort tyd geskei.

Roux het as assistentkinematograaf gewerk aan die fliëks *Stuur groete aan Mannetjies Roux* en *Ballade vir 'n enkeling*, en Katryn het die slaghuis op Stellenbosch geopen. Nadat hy 'n ▶



◀ kursus by Fisherman's Village in Honeydew gedoen het, het hy gevoel die Here roep hom om sy beroep as kinematograaf te los en voltyds by Fisherman's Village te werk.

“Hier het die Here Katryn se naam op my hart gedruk en my herinner aan hoe ek gevoel het as ek by haar was. Ek het duidelik gevoel: Dís my vrou.”

Katryn was egter reeds verloof aan iemand anders...

Sy vertel: “My ma het vir my gesê: ‘My kind, dit is veronderstel om jou gelukkigste tyd te wees.’ Maar ek was nie gelukkig nie. Ek en my verloofde het saam ingetrek en ek het een oggend gebid dat die Here vir my duidelik wys of dit werklik die man is met wie ek moet trou.”

Haar verloofing het gebreek terwyl hulle besig was om te verf. Sy het besef dit is God se manier om vir haar te sê dié voorgenome huwelik is nie Sy wil nie en Katryn het die verloving verbreek. Kort daarna het sy 'n Facebook-boodskap van Roux gekry.

Roux vat die storie verder: “Ek het geskryf: ‘Ek gaan nou vir jou iets sê wat jou dalk gaan skok, maar jy is die persoon met wie ek veronderstel is om te trou.’”

Ná die verbreking van haar verloving was Katryn versigtig en wou seker maak van God se wil.

“Ek nooi Roux toe na my verjaardagpartytjie in die einste kliphuis. Dit was 4 Desember 2013. Toe ek hom dié aand sien, het iets dadelik in my gees opgevlam.”

Die volgende dag het Roux voorgestel hulle bid saam oor waarheen dié pad moes lei. Ses maande later het hy haar gevra om te trou en drie maande daarna is die seremonie by die kliphuis voltrek.

## Tent tot troonsaal

“Ons het in Mei 2015 besluit om terug te trek Kempton Park toe en iets hier op die been te bring. Wat eers net 'n tent sou wees, is vandag danksy my ma se visie, Roux se praktiese vaardigheid en die hele familie se harde werk die gebou waarin ons nou sit. Alles het baie vinnig in plek geval. Teen 'n pas wat net

God kan vermag,” sê Katryn.

“Vandag is ons net Godvresende mense wat weet dat die Liggaam van God gebou moet word. 'n Stuk staal van hier en 'n plank van daar word uiteindelik 'n eenheid. Sinergie. Ons is so afhanklik van Hom vir leiding en visie. Daar is 'n geweldige salwing op hierdie plek,” vertel Roux.

“Ja, dit gaan nie sonder frustrasie gepaard nie,” voeg Katryn by, “maar ons is as familie almal saam op een stuk aarde geplaas (almal woon op die kleinhoeve) om 'n verskil te maak. As die een 'n slegte dag beleef, het ons die sensitiwiteit om daardie persoon te dra.”

“God se roeping vir ons staan los van tyd en finansies,” meen Roux. “Ons is bloot die (be)dienaars wat God in hierdie ruimte wil gebruik om Sy werk te doen. Om liefde, vrede en genesing te laat voortspruit.”

Volgens Katryn wil God juis vermeerder, mense toevoeg tot die liggaam, “en wat 'n voorreg is dit nie om dit te kan doen deur mense te dien én te bedien met iets eenvoudigs soos 'n heerlike bord kos nie.”

Die egpaar, wat nou sowat drie jaar getroud is, droom oor kinders van hul eie, maar wil graag eers die wêreld verken en mense opnuut bewus maak van eties geproduseerde kos. “'n Amperse terugreis na die Tuin van Eden.”

“Vir ons gaste voel dit soos huis, maar vir ons is dit kerk,” voeg Roux by. 'n Kerk – kompleet met 'n haan wat op 'n torinkie staan – en wat boonop met 'n klompie sinkplate spog van die ou mynskuur waarin Jenny en Smiley bykans 40 jaar gelede getroud is.

Al het Nice To Meat You net minder as 'n jaar gelede sy deure oopgemaak, is hul dagboek reeds propvol vir alles van troues en verjaardagpartytjies tot korporatiewe geleenthede en temaetes. Ek is dankbaar om nog 'n datum te kan vaspen vir my eie vrou se feesmaal. En ek weet, soos daardie een maaltyd vir Elia vir 40 dae en nagte krag gegee het (1 Konings 19:8), sal elkeen wat hier kom aansit nie net na liggaam gevoed word nie, maar ook genesing van hart vind. ■